Sanlam Beleggings

FICA-vereistes
Nie-individuele Regsentiteite

Voordat ons ‘n transaksie met u mag aangaan, vereis die Finansiële Intelligensiesentrum (FICA) dat ons die identiteit van die Regsentiteit in wie se naam die Effektetrustbelegging gemaak word verifieer, sowel as die identiteit van alle begunstigde eienaars, beherende persone en gevolmagtigdes wat met die Regsentiteit gepaardgaan. Ons benodig sekere inligting van die regsentiteit en begunstigde eienaars, beherende persone en gevolmagtigdes om die woonadres, burgerskap, land van inkorporaraie en/of werking en belasting te bevestig om reguleringsverslagdoening uit te voer.

Dokumente wat ons aanvaar om u identiteit te bevestig

- Registrasie en/of Stigtingsdokumente van Regsentiteit
- Afskrif van Suid-Afrikaanse strepieskode identiteitsdokument (ID) of Slimkaart; of
- Afskrif van Paspoort (indien buitelandse burger)

Maak asseblief seker dat die dokument u Volle name, Van, ID nommer en uitreikingsdatum duidelik aantoon. Indien ‘n Slimkaart gebruik word, benodig ons ‘n duidelike afskrif van die voor- en agterkant van die Slimkaart.

1. Beslote Korporasies

- ‘n Gestempelde Stigtingsverklaring en Inlywingsertifikaat (CK1)
- ‘n Gestempelde Gewysigde Inlywingsertifikaat (CK2), slegs van toepassing indien wysigings aangebring is
- Bewys van Adres vir die Beslote Korporasie
- Besluit van Gemagtigde Ondertekenaars asook hul proefhandtekeninge
- Bewys van Identiteit van alle lede, begunstigde eienaars en beherende persone
- Bewys van Identiteit van alle persone wat gemagtig is om namens die Beslote Korporasie op te tree
- Vorm C – voltooi deur alle lede en gemagtigde ondertekenaars van Beslote Korporasie

2. Vennootskappe

- Gestempelde Stigtingsdokument en/of Vennootskap Ooreenkoms
- Bewys van adres van die Vennootskap
- Besluit van Gemagtigde Ondertekenaars asook hul proefhandtekeninge
- Bewys van Identiteit van alle Vennote, begunstigde eienaars en beherende persone van die Vennootskap
- Bewys van Identiteit van alle persone wat gemagtig is om namens die Vennootskap op te tree
- Vorm C – voltooi deur alle Vennote en gemagtigde ondertekenaars van die Vennootskap

3. Trusts

Inter Vivos

- Trustakte
- Magtigingsbrief (Gestempel deur die Meester van die Hooggeregshof)
- Bewys van adres van die Trust
- Besluit van Gemagtigde Ondertekenaars asook hul proefhandtekeninge
- Bewys van Identiteit van Stigter en alle Trustees
- Bewys van Identiteit van alle persone wat gemagtig is om namens die Trust op te tree
- Bewys van Identiteit van alle genoemde begunstigdes van die Trust. Indien die begunstigde nie genoem word nie, benodig ons besonderhede van hoe die begunstigdes bepaal gaan word
- Vorm C - voltooi deur alle gemagtigde ondertekenaars van die Trust
- Vorm C - voltooi deur alle Trustees en Stigters
- Vorm C - voltooi deur alle genoemde Begunstigdes wat belastingpligtig buite Suid-Afrika is, wat burgers van ‘n ander land is of buite Suid-Afrika woonagtig is.

Testamentêre

- Laaste Testament of Trustakte
- Magtigingsbrief (deur die Meester van die Hooggeregshof gestempel)
- Besluit van Gemagtigde Ondertekenaars asook proefhandtekeninge
- Bewys van Identiteit van alle Trustees
- Bewys van Indentiteit van alle persone wat gemagtig is om namens die Trust opt te tree.
- Vorm C - voltooi deur alle gemagtigde ondertekenaars van die Trust

4. Maatskappye

Publieke maatskappy

- Sertifikaat van Inkorporasie (CM1 / COR14.3) – gestempel deur die Registrateur van Maatskappye
- Sertifikaat van Naamsverandering (CM9) waar van toepassing
- Direkteure se Besluit van Gemagtigde Ondertekenaars asook proefhandtekeninge op die maatskappy se briefhoof
- Bewys van Identiteit van alle beherende persone en persone/entiteite wat ‘n stemgeregtigde belang van 25% of meer het
- Bewys van Identiteit van alle persone wat gemagtig is om namens die Maatskappy op te tree
- Vorm C – voltooi deur beherende persone en persone/entiteite wat ‘n stemgeregtigde belang van 25% of meer het
- Vorm C – voltooi deur alle persone wat gemagtig is om namens die Maatskappy op te tree

Privaat maatskappy

- Sertifikaat van Inkorporasie (CM1 / COR14.3)
- Sertifikaat van Naamsverandering (CM9) waar van toepassing
- Direkteure se Besluit van Gemagtigde Ondertekenaars asook proefhandtekeninge op die maatskappy se briefhoof
- Bewys van Identiteit van alle beherende persone en persone/entiteite wat ‘n stemgeregtigde belang van 25% of meer het
- Bewys van Identiteit van alle persone wat gemagtig is om namens die Maatskappy op te tree
- Vorm C – voltooi deur beherende persone en persone/entiteite wat ‘n stemgeregtigde belang van 25% of meer het
- Vorm C – voltooi deur alle persone wat gemagtig is om namens die Privaat Maatskappy op te tree

5. Ander Regsentiteite

5a Vakbonde, Verenigings, Mediese Skemas, Klubs, Kerke, ens

- Stigtingsdokument of Konstitusie
- Bewys van Adres van die Regsentiteit
- Lede se Besluit van Gemagtigde Ondertekenaars asook proefhandtekeninge
- Bewys van Identiteit van alle persone wat gemagtig is om namens die Regsentiteit op te tree
- Vorm C – voltooi deur alle persone wat gemagtig is om namens die Regsentiteit op te tree

5b Stokvels

- Stigtingsdokument. Indien die Stokvel nie ‘n Stigtingdokument het nie, het NASASA, die self-regulerende liggaam vir stokvels een beskikbaar vir aflaai op http://nasasa.co.za/site/
- Bewys van Adres van die Stokvel. Inien die Stokvel nie ‘n bedryfsadres het nie, sal die adres van die Voorsitter voldoende wees.
- Lede se Besluit van Gemagtigde Ondertekenaars asook proefhandtekeninge.
- Bewys van Identiteit van alle persone wat gemagtig is om namens die Stokvel op te tree, insluitende die Voorsitter.
- Vorm C – voltooi deur die Voorsitter en alle persone wat gemagtig is om namens die Regsentiteit op te tree.

6. Aftreefondse

- ‘n Afskrif van ’n RFD-dokument wat die Fonds se Registrasienommer aandui.
- Besluit van Gemagtigde Ondertekenaars met proefhandtekeninge op die maatskappy se briefhoof en wat die geregistreerde adres aantoon.
- Bewys van Identiteit van alle persone wat gemagtig is om namens die Aftreefonds op te tree.
- Vorm C – voltooi deur alle persone wat gemagtig is om namens die Aftreefonds op te tree.

7. Gekoppelde Beleggingsdiensverskaffer (LISP)

- ‘n Afskrif van die Skema se ondertekende Aanvullende Akte wat deur die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) goedgekeur en gestempel is
- 'n Afskrif van die maatskappyregistrasiedokumente (soos in punt 4 hierbo)
- Besluit van Gemagtigde Ondertekenaars proefhandtekeninge op die maatskappy se briefhoof en wat die geregistreerde adres aantoon.
- Bewys van Identiteit van alle persone wat gemagtig is om namens die LISP op te tree.
- Vorm C – voltooi deur alle persone wat gemagtig is om namens die LISP op te tree.

8. Diskresionêre FDV en Makelaars

“On-boarding” die FDV

- ‘n Afskrif van die FDV Lisensie wat die FDV nommer en CAT 11 magtiging aandui
- Besluit van Gemagtigde Ondertekenaars vir die FDV met proefhandtekeninge op die maatskappy se briefhoof en wat die geregistreerde adres aantoon.
- Bewys van Identiteit van alle persone wat gemagtig is om namens die FDV op te tree
- Bewys van Adres van die FDV

“On-boarding” kliënt van die FDV

- Bewys van kliënt se Identiteit van wie die FDV gemagtig is om op te tree
- Ondertekende Diskresionere Mandaat tussen die Kliënt en die FDV
- Vorm C – voltooi deur alle Gemagtigde Ondertekenaars van die FDV en wie namens die Kliënt mag teken.

Ons mag verdere dokumentasie verlang indien:

- U nie ‘n Suid-Afrikaanse burger of geregistreerde entiteit is nie
- U nie geverifieer kan word nie
- U ‘n belastingpligtige buite Suid-Afrika is
- Indien enige van die begunstigde eienaars, beherende persone en gemagtigde ondertekenaars wat by die Regsentiteit betrokke is, ‘n Plaaslike Vooraanstaande Invloedryke Persoon (**DPIP**) of Buitelandse Vooraanstaande Openbare Amptenaar (**FPPO**) is soos omskryf in die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum. Dit sluit naasbestaandes en bekende vertroude deelgenote

Dit mag insluit:

- Bewys van Woonadres
- Bewys van Bankbesonderhede
- Bewys van Bron van fondse

Ons aanvaar die volgende dokumente indien bewys van woonadres benodig word:

- ‘n Nutsrekening in die naam van die entiteit (munisipale belasting, water, elektrisiteit)
- ‘n Afskrif van ‘n Telkom-rekening in die naam van die entiteit
- ‘n Afskrif van ‘n bank- of kredietkaartstaat wat die straatadres in die naam van die entiteit aantoon
- ‘n Brief van die verhuringsmaatskappy op ‘n verhuringsbriefhoof
- ‘n Afskrif van ‘n lang- of korttermynversekeringspolis / kommunikasie, uitgesonderd Sanlam, Santam of MiWay.
- ‘n Afskrif van ‘n SAUK-televisielisensie of SAUK-lisensiekaart wat die straatadres aandui
- ‘n Afskrif van ‘n SAID-dokument (uitgesonderd aanslae of “e-filing” dokumente) wat die straatadres aandui
- ‘n Afskrif van ‘n huurkontrak wat die straatadres aandui. (Dit is toelaatbaar om net die eerste en laaste bladsy van die huurkontrak te aanvaar indien die huurtermyn op hierdie bladsye aangedui word.)
- ‘n Afskrif van entiteit briefhoof wat besigheidsadres en direkteure toon